Tel: 021 554 1290
Faks: 086 591 5147
ngkblouberg@mweb.co.za
www.ngkbloubergstrand.co.za

NG Kerk Bloubergstrand
ABSA Tjek rek nr: 327 014 0539
Takkode: 334409
Snapscan Kode

25 Maart 2018

Eredienste:

08h30: Ds Thinus Britz (Job 38) – Doop
10h00: Ds Thinus Britz (Job 38) *Kom drink saam koffie na die diens in die kerksaal.*
18h00: Ds Elmarie Dercksen (Gesprek met Niel rondom Hand 2) *Kom drink saam koffie na die diens in die kerk.*

DEURKOLLEKTE: Jan Kriel Instituut – 25 Mrt 2018
PREDIKANTE AFDAG: ds. Thinus en ds. Elmarie – Maandag ds. Marietjie - Vrydag

Nuwe Intrekkers: Kom sê "hallo" vir ons in die konsistorie na die diens. Indien jy nog nie jou lidmaatskap amptelik na ons verskuif het nie, voltooi gerus 'n lidmaatskapvorm (in die voorportaal)
Gebedsversoeke: 082 451 3312 – SMS of W*hatsapp* **Selgroepe:** Marietjie Steyn 083 461 1220
Predikate eposse: Ds Thinus: thinus@ngkbloubergstrand.co.za Ds Elmarie: elmarie@ngkbloubergstrand.co.za
Ds Marietjie: marietjie@ngkbloubergstrand.co.za

"HEILDRONK OP DIE LEWE" SEMINAAR 13-14 April

Dr. Danie du Toit (wat ons 'n paar jaar gelede tydens Pinkster leer ken het) gaan 'n seminaar aanbied "Heildronk op die lewe" wat gebaseer is op Filippense. Vrydag skop af met 'n ligte ete & wyn om 18:00 en dan 'n inleiding van die kursus deur dr Danie. Saterdagoggend begin met lekker koffie & beskuit om 08:00. Koste is R200pp (verversings ingesluit). Navrae: Elana Wessels 084 454 1540 of ds Thinus 082 603 5508.

DOOP

Otto en Coba van Griethuysen doop hul baba, Henry Otto (gebore 9 Aug 2018).
Coba word ook gedoop ☺.
Baie geluk!

GESIGGIES / JUNIOR JEUG

Dis weer hierdie tyd van die jaar! Ons samel allerhande smere in vir ons Gesiggie projek. Bring asb 'n botteltjie of blikkie Grondboontjie-botter, Fyn konfyt, Geblikte vis, Boeliebief, Nutella, Tamatiesous, Mayonaise, Milo/Warm sjokolade, Langlewe melk en eiers. Navrae: Carina Howard 082 926 6428

NUWE ECHO HUIS IN YSTERPLAAT

Echo begin binnekort 'n nuwe huis saam met Ysterplaat Gemeenskap kerk. Ons is tans besig om kamers in te rig in die kerksaal. Ons wil graag op hierdie manier 'n verskil maak in die gemeenskap. Ons is op soek na veral beddens en kaste om in die kamers te sit. As jy op enige manier kan help, kontak asb. vir Niel Steyn by 0846881080 of niel@echoyouth.co.za

KOM WEES DEEL VAN "AANBEWEEG NA VERLIES IN 'N VERHOUDING"

Dit maak baie seer wanneer mens deur vriende, kinders of familie verwerp word. Meeste van die tyd laat dit jou weerloos, baie kwaad, angstig by tye, magteloos om iets hieraan te verander en selfs depressief voel. Wanneer jou liefde dan verwerp word voel dit asof jy as 'n mens nie goed genoeg is nie. Dis moeilik om aan te beweeg en net eenvoudig makliker om aan die herinneringe te bly vashou.
Indien jy jouself hiermee kan assosieer, word jy genooi om deel van ons ondersteuningsgroep op Woensdae 11 April, 18 April & 25 April te wees. Ons gaan oor aggressie, selfvertroue en vergifnis met mekaar gesels. Ons kom vanaf 19:00 – 20:30 in die kerksaal bymekaar, drink koffie en deel met mekaar. Ons sien daarna uit om tyd saam met jou te spandeer.
Thamar Jacobs & ds. Thinus Britz (021 554 3268)

KATEGETE

Ons is nog opsoek na aflos kategete vir Junior Jeug. So as jy dalk nou en dan wil help om 'n Junior Jeug klassie aan te bied, kontak asb vir ds Marietjie.

TEESKINKERS

Ons maak gebruik van vrywilligers om te help by gedenkdienste om tee te skink. Ons wil graag vra dat as jy bedags beskikbaar is en graag wil help, kontak asb die kerkkantoor by 021 554 1290.

JAN KRIEL INSTITUUT

Jan Kriel Instituut bestuur die deernis en omgee van die Kerk (en ander persone) by Jan Krielskool, waar leerders met spesiale onderwys behoeftes gehelp word. Vyfhonderd en tagtig (580) kinders van graad R tot Matriek wat met verskeie gestremdhede moet saam leef o.a. weens disleksie, epilepsie, siektes, ongelukke en spesiale leerbehoeftes, kry hier spesialis onderwys. Gemeentes en gelowiges se liefdegawes, donasies en borgskappe word deur die Instituut bymekaar gemaak en verantwoordelik aangewend. Die Vader se Voorsienigheid, Jesus se liefde vir kinders en gestremdes, die Gees se vorming en ons voorgeslagte se ywer (sedert 1937) is ons inspirasie. Kom leef ons leuse en "Gee 'n Kind 'n Kans" Navrae: Anetha 021 903 0434 / anetha@jankriel.co.za

PREEKBEURTE

T – Thinus Britz E – Elmarie Dercksen M – Marietjie Steyn

	08h30	10h00	18h00	Opmerkings
30/03/2018	E	E	-	Goeie Vrydag Nagmaal 08:30 & 10:00
01/04/2018	T	T	E	Paasfees; Doop 10:00
08/04/2018	M	M	T	
15/04/2018	E	E	M	Jnr Jeug Grootgroep
22/04/2018	T	T	E	Deurkollekte: Midde-Ooste Sending
29/04/2018	M	M	M	

MAAK ASB KOS: ECHO ETES

Elke tweede Donderdag eet die Echo gemeenskappe van Table View en Durbanville saam by die Table View Echo-huis. Ons is op soek na vrywilligers wat bereid sal wees om vir 15 mense kos te maak en af te lewer by die huis in Table View. Daar eet seker so 30 mense saam, maar hoe meer vrywilligers ons het, hoe minder hoef julle kos te maak. Ons sou julle ook finansieel kon vergoed indien nodig. As jy vrae het of wil help, kontak asb. vir Marietjie by 083 461 1220 of marietjie@ngkbloubergstrand.co.za